4.2.1 Spesiale verlof vir militêre opleiding kan met volle besoldiging aan 'n opvoeder toegestaan word wanneer sodanige opvoeder ingevolge die Verdedigingswet, 1957, of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, of ingevolge die Polisie wet, 1958, of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, aaneenlopende of ononderbroke of onderbroke opleiding moet ondergaan, of diens moet verrig.

4.2.2 In die geval waar 'n opvoeder sy of haar aanvanklike ononderbroke verpligte nasionale diensplig verrig, word sy of haar besoldiging verminder met die bedrag wat van tyd tot tyd deur die departementshoof, met inagneming van afsonderlike opvoeders se omstandighede, bepaal word.

4.2.3 Spesiale verlof vir militêre opleiding kan enige tydperk insluit wat werklik en noodsaaklikerwys vir reisdoeleindes nodig is.

4.2.4 Aansoeke om voormelde tipe verlof moet vergesel wees van stawende dokumentasie.

4.2.5 Hierdie tipe verlof word nie teen die opvoeder se verlof verreken nie.

4.3 Spesiale verlof vir eksamendoeleindes

4.3.1 Spesiale verlof met volle salaris kan aan 'n opvoeder toegestaan word vir elke dag waarop hy of sy 'n eksamen wat deur die Departement vir dié doel erken is, aflê. Een addisionele dag spesiale verlof met volle salaris kan toegestaan word vir elke dag waarop sodanige eksamen afgelê word, ten einde hom of haar in staat te stel om vir die eksamen voor te berei.

4.3.2 Die Departement kan bo en behalwe die spesiale verlof vir eksamendoeleindes in paragraaf 6.3.1 bedoel, eenmalig aan 'n opvoeder wat 'n eksamen in finalejaarvakke ter voltooiing van 'n eerste graad of diploma moet aflê, aaneenlopende spesiale verlof vir eksamendoeleindes vir 'n maksimum tydperk van 16 skooldae toestaan. (LW: Hierdie paragraaf is slegs van toepassing waar 'n opvoeder 'n eksamen in 'n finalejaarvak aflê).

4.3.3 Spesiale verlof vir eksamendoeleindes kan enige tydperk insluit wat werklik en noodsaaklikerwys vereis word om in verband met die eksamen te reis.

4.3.4 Spesiale verlof met volle salaris kan eenmalig toegestaan word aan 'n opvoeder wat 'n hereksamen moet aflê.

4.3.5 Spesiale verlof vir eksamendoeleindes word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

4.4 Spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes

4.4.1 Wanneer 'n opvoeder van diens afwesig is as gevolg van afsondering of isolasie kragtens geneeskundige instruksies, is die toestaan van spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes onderworpe aan die indiening van 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer waarin die tydperk en oorsaak van afsondering of isolasie aangedui word.

4.4.2 Spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

4.5 Spesiale verlof vir deelname aan sport- en kulturgeleenthede

Met die goedkeuring van die Departement, kan spesiale verlof vir deelname aan sport- en kulturgeleenthede met volle besoldiging, sonder dat die verlof teen 'n opvoeder se verlofkrediet verreken word, toegestaan word wanneer die opvoeder

4.5.1 deur 'n amateursportliggaam of 'n kultuurliggaam deur die Departement vir hierdie doel erken, gekies word om

- (i) as deelnemer, afrigter of bestuurder aan 'n sport- of kultuurgeleentheid buite die grense van die Republiek mee te doen; of
- (ii) die land, provinsie of streek by 'n internasionale, nasionale, provinsiale of streeksport- of streekkultuurgeleentheid binne die Republiek te verteenwoordig; of
- (iii) 'n groep of 'n individu uit die buiteland wat die Republiek besoek, as verteenwoordiger van daardie sportliggaam of kultuurliggaam te vergesel; of
- (iv) internasionale konferensies of vergaderings van internasionale sportliggame of kultuurliggame by te woon.

4.5.2 as skeidsregter, beampte, beoordelaar of kursusleier by 'n sport- of kultuurgeleentheid op internasionale vlak binne of buite die Republiek optree; of

4.5.3 as individu gekies of uitgenooi is om deel te neem, of op eie inisiatief deelneem, aan 'n sport- of kultuurgeleentheid op internasionale of nasionale vlak binne of buite die Republiek.

Aansoeke om voormelde verlof moet vergesel wees van stawende dokumentasie. Waar stawende dokumentasie ontbreek, sal verlof vir dringende privaat sake toegestaan word.

4.6 Spesiale verlof vir dringende privaat sake

4.6.1 Met die goedkeuring van die Departement kan aan 'n opvoeder spesiale verlof vir dringende privaat sake toegestaan word.

4.6.2 Spesiale verlof vir dringende privaat sake gaan gepaard met volle besoldiging indien die opvoeder oor die nodige vakansieverlofkrediet beskik, en word teen genoemde opvoeder se verlofkrediet verreken, of is sonder besoldiging indien die opvoeder nie meer oor enige vakansieverlofkrediet beskik nie.

4.7 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes

4.7.1 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes mag toegestaan word aan 'n vroulike opvoeder wat oor ten minste 12 maande ononderbroke bevredigende diens beskik. Hierdie diens sluit ook ononderbroke diens by ander staatsdepartemente en tydelike en permanente diens in.

4.7.2 'n Vroulike opvoeder mag spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes toegestaan word vir 'n periode wat 'n aanvang neem 30 dae voor die verwagte datum van bevalling tot 90 dae na die geboorte. Korter of langer tydperke kan goedgekeur word na aanleiding van die omstandighede. Waar 'n opvoeder 'n korter tydperk verlang, moet skriftelik daarom aansoek gedoen word en die WKOD moet gevrywaar word teen enige aanspreeklikheid.

- 4.7.3 Aansoeke om bevallingsverlof moet ten minste 90 dae voor die verwagte datum van bevalling ingedien word.
- 4.7.4 'n Maksimum van 84 dae spesiale verlof met volle besoldiging kan toegestaan word vir bevalling of die aanneming van 'n kind. Dokumentêre bewys moet voorgelê word.
- 4.7.5 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes word beperk tot 2 bevallings of aannemings per opvoeder.
- 4.7.6 'n Opvoeder wat vakansieverlof tot sy of haar krediet het, mag skriftelik aansoek doen dat sodanige vakansieverlof teen vol- of halvesalaris aangewend word vir 'n gedeelte van of vir al haar onbetaalde verlof vir bevallingsdoeleindes.
- 4.7.7 Spesiale verlof kan voor of na die bevalling geneem word, maar moet aaneenlopend met die bevalling wees.
- 4.7.8 Spesiale verlof vir bevalling mag nie omskep word in enige ander soort verlof sodra dit 'n aanvang geneem het nie.
- 4.7.9 Siekteverlof kan toegestaan word in die geval van afwesigheid weens 'n miskraam, 'n doodgeboorte of beëindiging van swangerskap op mediese advies, indien sodanige spesiale verlof nog nie 'n aanvang geneem het nie. (Verwys na paragraaf 5 van die handleiding). Sou dit na die aanvang van sodanige spesiale verlof gebeur, word hierdie tydperk nie in berekening gebring vir die beperkings soos bedoel in paragraaf 6.7.4 nie.
- 4.7.10 Indien 'n vroulike opvoeder nie kwalifiseer vir spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes nie, moet haar bevalling gedek word met haar beskikbare vakansieverlofkrediet en daarna met vakansieverlof sonder besoldiging.
- 4.7.11 Siekteverlof kan wel in die gemelde gevalle toegestaan word, indien 'n tydperk van vakansieverlof sonder salaris nie alreeds vir die doel toegestaan is nie.
- 4.7.12 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes word nie teen 'n opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

4.8 Spesiale verlof ter wille van dienskontinuiteit

- 4.8.1 Aan 'n opvoeder wat voorheen by dieselfde of 'n ander werkgewer as opvoeder in 'n tydelike hoedanigheid in diens was, kan spesiale verlof sonder besoldiging vir 'n tydperk van hoogstens 120 dae toegestaan word met die doel om die kontinuiteit van sodanige opvoeder se diens te behou.

- 4.8.2 Dié spesiale verlof neem 'n aanvang op die eerste dag na die datum waarop die laaste besoldiging van die vorige werkgewer ontvang is en verstryk op die dag voor die datum van diensaanvaarding by die huidige werkgewer.
- 4.8.3 Die beperking van 120 dae in paragraaf 6.8.1 bedoel, is nie van toepassing nie waar die betrokke tydperk strek van die dag onmiddellik na die laaste dag van 'n skooltermyn tot die dag onmiddellik voor die eerste dag van die skooltermyn nadat een volle skooltermyn verloop het.
- 4.8.4 Geen aansoeke moet met ingang van 1 Januarie 1999 ingedien word nie. Die Departement sal dié verlof outomaties toestaan. Indien 'n opvoeder daarvan bewus word dat kontinuïteitsverlof nie toegestaan is nie, moet hy/sy dit deur middel van die amptelike kommunikasie kanale onder die Departement se aandag bring.

4.9 Spesiale verlof in buitengewone omstandighede

- 4.9.1 Behoudens die bepalings van artikel 10(1) en (2) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet no. 76 van 1998), word ongemagtigde afwesigheid van 'n opvoeder ondanks enige dissiplinêre stappe wat teen hom of haar gedoen mag word, geag spesiale verlof in buitengewone omstandighede te wees. Sodanige verlof is sonder besoldiging, tensy die Departement in 'n spesifieke geval anders bepaal.
- 4.9.2 Indien die Departement van oordeel is dat omstandighede dit regverdig, kan spesiale verlof in buitengewone omstandighede ~~toegestaan~~ word vir enige doel en vir enige tydperk. Sodanige verlof is sonder besoldiging, tensy die Departement anders bepaal.
- 4.9.3 Spesiale verlof in buitengewone omstandighede word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

5. ONGEMAGTIGDE AFWESIGHEID VAN DIENS

5. ONGEMAGTIGDE AFWESIGHEID VAN DIENS

- 5.1 Ongemagtigde afwesigheid van 'n opvoeder word geag vakansieverlof sonder salaris te wees.
- 5.2 'n Opvoeder wat langer as 14 dae sonder verlof van diens afwesig is of ander werk aanvaar het, word geag weens wangedrag ontslaan te wees met ingang van die dag wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop hy of sy diens verrig het. Die prinsipaal moet sorg dra dat so 'n geval volledig en binne 10 dae na die verstryking van gemelde tydperk aan die Departement voorgelê word.
- 5.3 Die volgende prosedure moet gevolg word waar 'n opvoeder ongemagtig van diens afwesig is:
 - 5.3.1 Die *audi alteram partem* reël moet skriftelik deur die hoof van die inrigting toegepas word en die opvoeder moet die geleentheid gegun word om sy of haar kant van die saak op skrif te stel.
 - 5.3.2 Die opvoeder se redes vir sy of haar afwesigheid, tesame met die prinsipaal se aanbeveling vir die toestaan van verlof sonder salaris, moet aan die kringbestuurder voorsien word.
 - 5.3.3 Die kringbestuurder moet die aangeleentheid ondersoek en sy of haar aanbeveling tesame met die tersaaklike dokumente aan Hoofkantoor voorsien.
 - 5.3.4 Die aangeleentheid word deur Hoofkantoor oorweeg en die opvoeder word skriftelik van die uitslag in kennis gestel.

6. VERLOFGRATIFIKASIES

6. VERLOFGRATIFIKASIES

6.1 'n Verlofgratifikasie is aan 'n opvoeder betaalbaar

6.1.1 wat met pensioen aftree;

6.1.2 wat weens voortdurende swak gesondheid ontslaan word;

6.1.3 wat weens die afskaffing van sy of haar pos ontslaan word;

6.1.4 wie se ontslag doeltreffendheid of besuiniging sal bevorder;

6.1.5 wat te sterwe kom, in welke geval die gratifikasie aan sy of haar naasbestaandes betaal word.

6.2 Indien hy of sy op 'n kontrakbasis aangestel is, word die verlofgratifikasie uitbetaal ooreenkomstig die bepalings van die kontrak.

6.3 'n Verlofgratifikasie tot 'n maksimum van 184 dae is betaalbaar aan

6.3.1 'n opvoeder aangestel in 'n tydelike hoedanigheid kragtens artikel 7(2) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998, na voltooiing van minstens vyf jaar ononderbroke bevredigende diens, tensy spesiale verlof ter wille van dienskontinuiteit toegestaan kan word;

6.3.2 'n permanente opvoeder wat op sy of haar skriftelike versoek aftree, indien sodanige opvoeder die keuse het om voor bereiking van die verpligte aftree-ouderdom met pensioen af te tree en nie voor bereiking van sodanige ouderdom aftree nie.

6.4 Verlofkrediet wat oorbly nadat 'n verlofgratifikasie uitbetaal is, word deur die opvoeder behou.

6.5 Indien 'n opvoeder om die betaling van 'n verlofgratifikasie aansoek gedoen het en die betrokke gratifikasie aan hom of haar betaal is, word hy of sy nie toegelaat om sodanige gratifikasie terug te betaal en op 'n later tydstip weer daarom aansoek te doen nie.

VERLOFBEDELING

TEN OPSIGTE VAN

OPVOEDERS VERBONDE

AAN

KANTORE

1. ALGEMENE MAATREëLS

(OPVOEDERS AAN KANTORE)

1. ALGEMENE MAATREëLS

- 1.1 Afwesigheidsverlof word toegestaan met behoorlike inagneming van die behoeftes van die werkgewer of die betrokke staatsonderwysinstelling.
- 1.2 Opvoeders wat, om watter rede ook al, nie vir diens kan aanmeld nie, moet die kantoorhoof voor 08:15 van die betrokke dag van sodanige afwesigheid in kennis stel. Versuim om hieraan te voldoen kan lei tot die toestaan van verlof sonder salaris.
- 1.3 Vir enige tipe verlof waarvoor 'n opvoeder aansoek wil doen, **moet** die voorgeskrewe verlofvorm voltooi word.
 - 1.3.1 In die geval van vakansie- en spesiale verlof moet die voltooide verlofvorm vroegtydig ingevolge die voorskrifte soos by paragraaf 2 en 4 hieronder genoem aan die kantoorhoof voorsien word en, indien van toepassing, moet die stawende dokumentêre bewyse/motivering aangeheg word.
 - 1.3.2 In die geval van siekteverlof moet die opvoeder die voltooide verlofvorm onmiddellik na verstryking van die afwesigheid aan die kantoorhoof voorlê. Indien die afwesigheid oor langer as vier dae strek, moet die stawende mediese sertifikaat aangeheg word. Waar die afwesigheid weens siekte oor 'n tydperk van langer as 'n maand strek, moet sorg gedra word dat die kantoorhoof die aansoek om verlof so spoedig doenlik ontvang sodat alternatiewe reëlins getref kan word.
 - 1.3.3 By ontvangs van die voltooide verlofvorm beveel die kantoorhoof die verlof aan en lê dit aan die Departement voor. Indien die kantoorhoof nie die verlof aanbeveel nie, moet die prosedure soos uiteengesit in paragraaf 5 gevolg word. **LW: Dit is die kantoorhoof se verantwoordelikheid, en nie die opvoeder wat om verlof aansoek doen nie, om die voltooide verlofvorm aan die Departement (via die amptelike kanale) te besorg.**
- 1.4 Dit moet egter beklemtoon word dat die toestaan van afwesigheidsverlof onderworpe is aan die goedkeuring van die Departement. Behalwe in die geval van skielike siekte of ander onvermydelike omstandighede, **mag 'n opvoeder nie sy/haar werk verlaat of afwesig bly nie tensy hy/sy skriftelik aansoek gedoen het om verlof en skriftelik goedkeuring ontvang het.** Versuim om aan hierdie vereiste te voldoen, kan lei tot die implementering van **verlof sonder salaris** vir die betrokke tydperk.
- 1.5 Die Departement kan met goeie rede te eniger tyd reeds toegestane verlof intrek.
- 1.6 Wanneer die diens van 'n opvoeder om watter rede ook al beëindig word, verval al sy of haar verlofkrediete en kan hy of sy nie eis dat die geldwaarde van ongebruikte verlof aan hom of haar uitbetaal word nie, met dien verstande dat die betaling van 'n verlofgratifikasie nie belet word indien 'n opvoeder ingevolge paragraaf 6 hieronder daarvoor kwalifiseer nie.

- 1.7 'n Opvoeder wat op 'n deeltydse grondslag aangestel is, is op geen verlot
geregtig nie en ontvang geen besoldiging gedurende sy of haar afwesigheid
van diens nie, hetsy vir vakansie of ander doeleindes.

2. VAKANSIEVERLOF

2. VAKANSIEVERLOF

2.1 Aanwas van vakansieverlof

- 2.1.1 Die verlofkrediet van 'n opvoeder wat by 'n kantoor in diens is, vermeerder soos hieronder bepaal:

Indien voor 1 Julie 1966 aangestel 38 dae per jaar

indien op of na 1 Julie 1966 aangestel –

- tot en met 10 jaar voltooide diens 30 dae per jaar
- na 10 jaar voltooide diens 36 dae per jaar

- 2.1.2 'n Opvoeder wat inspekterende of vakadviserende dienste as deel van sy of haar pligte het 26 dae per jaar

- 2.1.3 Indien die opvoeder (in paragraaf 2.1.2 genoem) gedurende tydperke van nie-oplopende verlof tydens skoolvakansies diens verrig, word 'n verdere een dag oplopende vakansieverlof tot sy of haar krediet geplaas vir elke twee dae wat hy of sy aldus diens verrig tot 'n maksimum van 12 dae per jaar; en

- 2.1.4 Indien 'n opvoeder in paragraaf 2.1.2 bedoel, wat in 'n bepaalde jaar eindigende op 31 Desember –

- (i) 'n dienстыdperk van ten minstens een jaar het, kan 24 dae nie-oplopende verlof tydens skoolvakansies in daardie jaar aan hom of haar toegestaan word; en
- (ii) 'n korter dienстыdperk as een jaar het, moet die getal dae nie-oplopende verlof wat gedurende skoolvakansies in daardie jaar toegestaan kan word, bepaal word op die grondslag van een dag nie-oplopende verlof vir elke 15 volle dae diens.

2.2 Erkenning van vorige diens vir verlofdoeleindes

- 2.2.1 Indien die diens van 'n opvoeder eindig en hy of sy na 'n diensonderbreking weer aangestel word, word sy of haar diens voor sodanige aanstelling nie vir verlofdoeleindes in aanmerking geneem nie. Sodanige verlofkrediet kan egter tot 'n maksimum van 184 dae herstel word indien 'n opvoeder later tot die onderwys terugkeer.

- 2.2.2 'n Opvoeder wat sonder onderbreking van diens aangestel word en wat voor die aanstelling in diens was van 'n onderwysdepartement in die RSA of enige departement soos bedoel in die Staatsdienswet, 1994, of by 'n skool of enige liggaam of instelling wat 'n pensioen- of voorsorgfonds het wat deur of vir die Staat geadministreer word, behou die verlofkrediet wat hy of sy op die laaste dag van sy of haar diens by sy of haar vorige werkgewer gehad het, bereken teen 'n maksimum van 36 dae per jaar. In die geval waar die opvoeder se vorige diens in 'n nie-onderwyspos was, sal die maksimum van 36 dae per jaar verlofkrediet toegestaan word.

- 2.2.3 In die geval van 'n persoon wat onmiddellik voor die betrokke aanstelling 'n pos aan 'n staatsonderwysinstelling, teknikon of universiteit beklee het, behou so iemand die verlofkrediet wat hy of sy op die laaste dag van sy of haar diens by genoemde instelling gehad het.

2.3 Toestaan van vakansieverlof

- 2.3.1 Vakansieverlof mag aan 'n opvoeder toegestaan word, mits sodanige opvoeder oor die nodige verlofkrediet vir die betrokke tydperk beskik.
- 2.3.2 'n Tydperk vakansieverlof met volle besoldiging kan omskep word in vakansieverlof met halwe besoldiging op die grondslag van twee dae met halwe besoldiging vir elke dag met volle besoldiging.
- 2.3.3 Die Departement kan met grondige redes te eniger tyd vereis dat 'n opvoeder 'n gedeelte van of al die vakansieverlof neem wat tot sy of haar krediet staan.
- 2.3.4 Enige tydperk van verlof neem 'n aanvang op die eerste dag waarop die opvoeder van diens afwesig is en eindig op die laaste werkdag onmiddellik voor die dag waarop sodanige opvoeder diens moet hervat.
- 2.3.5 'n Openbare vakansiedag of naweek wat binne 'n tydperk van verlof val, word geag deel van die tydperk van verlof te wees en word as sodanig gereken. Waar 'n openbare vakansiedag of naweek tussen twee verskillende soorte verlof val en sodanige verlof 'n aaneenlopende tydperk uitmaak, moet sodanige dag of dae nie as verlof gereken word nie.
- 2.3.6 'n Opvoeder wat diens wil hervat voor die verstryking van 'n tydperk van verlof wat aan hom of haar toegestaan is, mag dit nie sonder die vooraf verkreeë goedkeuring van die Departement doen nie. Opvoeders sal nie vergoed word vir diens gelewer voor die verkryging van sodanige goedkeuring nie.
- 2.3.7 Indien aan 'n opvoeder meer verlof met volle of halwe besoldiging toegestaan word as waarop hy of sy geregtig is, en sodanige verlof benut is, kan die oortoekeening afgetrek word van verlofkrediet wat hom of haar later toeval. As die opvoeder uit die diens tree voordat hy of sy voldoende verlofkrediet opgebou het, sal die gedeelte van die oortoekeening as 'n oorbetaling beskou word.
- 2.3.8 Aan 'n opvoeder wat skuldig is aan die misbruik van alkoholiese drank of dwelmmiddels, kan beskikbare vakansieverlof met besoldiging toegestaan word met die oog op rehabilitasie en die verdere nuttige gebruik van sy of haar dienste. By voltooiing van behandeling moet 'n mediese sertifikaat en 'n volledige verslag van die betrokke geneesheer of inrigting aan die Departement voorgelê word. Die verslag moet 'n aanduiding van die betrokke se samewerking en vordering tydens die behandeling asook 'n prognose van die geval bevat.

- 2.3.9 Indien 'n opvoeder in paragraaf 2.3.8 bedoel, nie voldoende vakansieverlof tot sy of haar krediet het ter dekking van die tydperke van sy of haar afwesigheid met die oog op rehabilitasie nie, kan vakansieverlof met volle betaling, met behoorlike inagneming van die meriete en prognose van die geval, vir die volle tydperk van afwesigheid toegestaan word.
- 2.3.10 Die oortoekenning van vakansieverlof wat aldus plaasgevind het, word afgetrek van die vakansieverlofkrediet wat hom of haar later toeval.
- 2.3.11 Indien sodanige opvoeder bedank of sy of haar dienste beëindig word voordat voldoende vakansieverlofkrediet opgebou is, sal die gedeelte van die oortoekenning beskou word as 'n oorbetaling.
- 2.3.12 Indien die betrokke geneesheer of inrigting in 'n verslag na 12 maande bevestig dat sodanige opvoeder geag word gerehabiliteer te wees, kan die Departement goedkeur dat die vakansieverlof wat vir behandelingsdoeleindes gebruik is, tot hoogstens gelykstaande met sy of haar jaarlikse verlofaanwas weer tot sy of haar krediet geplaas word, **op voorwaarde dat so 'n toewysing slegs een keer gedoen word**. Indien so 'n sertifikaat of verslag nie van bobedoelde partye verkry kan word nie, kan die Departement na goeddunke op grond van stawende bewys van rehabilitasie wat deur byvoorbeeld die betrokke se toesighouer, predikant, geneesheer of maatskaplike werker voorgelê word, besluit of sodanige opvoeder as gerehabiliteer geag kan word.

3. SIEKTEVERLOF

3. SIEKTEVERLOF

3.1 Aanwas van siekteverlof

- (i) Siekteverlof in 'n siklus van 3 jaar met –

volle betaling	120 dae
halwe betaling	120 dae

- (ii) Geliewe daarop te let dat die beleid neergelê, saamgelees moet word met die bepalings van Omsendbrief 20/97, gedateer 14 Maart 1997.

3.2 Toestaan van siekteverlof

- 3.2.1 'n Aansoek om siekteverlof vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as vier dae moet gesteun word deur 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer of 'n geregistreerde tandarts.

- 3.2.2 Die Departement kan egter eis dat 'n mediese sertifikaat voorgelê word ter ondersteuning van enige aansoek om siekteverlof indien geoordeel word dat omstandighede die voorlegging van so 'n sertifikaat regverdig.

- 3.2.3 Indien die Departement oortuig is dat 'n opvoeder se afwesigheid vir 'n aaneenlopende tydperk van hoogstens 14 dae gedurende enige kalenderjaar (en waarvoor 'n mediese sertifikaat nie ingedien is nie) toe te skryf is aan 'n *bona fide* siekte en indien hy of sy voorts oortuig is dat daar genoegsame redes bestaan waarom 'n mediese sertifikaat nie ingedien is nie, kan die Departement, na goeddunke, vrystelling van die indiening van 'n mediese sertifikaat verleen.

- 3.2.4 Siekteverlof wat vir vier dae en minder toegestaan word en waarvoor 'n mediese sertifikaat nie ingedien is nie, mag nie 'n totaal van 10 dae gedurende enige kalenderjaar oorskry nie. Enige verdere afwesigheid waarvoor 'n mediese sertifikaat nie ingedien is nie, word gedek deur die toestaan van spesiale verlof vir dringende privaat sake.

- 3.2.5 Siekteverlof word nie toegestaan vir enige siekte, ongesteldheid of besering wat toe te skryf is aan wangedrag, nalatigheid of versuim om redelike voorsorg te tref, of weens neurastenie, slaaploosheid of 'n dergelike minder goed omskrewe siekte of ongesteldheid nie, tensy die werkgewer oortuig is dat sodanige opvoeder se gesondheidstoestand hom of haar ongeskik maak vir sy of haar werk.

- 3.2.6 Waar siekteverlof aan 'n opvoeder toegestaan word, is die datum waarop die verlof geag word te begin en die datum waarop dit geag word te geëindig het, die datums soos bepaal deur die Departement met inagneming van die geneeskundige vereistes van die geval en die belang van die werkgewer en die betrokke staatsinstelling.
- 3.2.7 Aan 'n opvoeder kan, indien hy skriftelik daarom aansoek doen, vakansieverlof wat hy of sy tot sy of haar krediet het, toegestaan word in plaas van siekteverlof met halwe salaris of siekteverlof sonder salaris.
- 3.2.8 Sodanige aansoek moet nie later nie as drie kalendermaande nadat hy of sy diens hervat het, ingedien word.
- 3.2.9 Die Departement moet daarvan oortuig wees dat die betrokke opvoeder op die betrokke tydstip nie permanent ongeskik is om sy pligte as opvoeder te hervat nie.
- 3.2.10 As bedoelde vakansieverlof aan 'n opvoeder toegestaan is en hy of sy salaris ten opsigte daarvan ontvang het, mag sodanige verlof nie weer in siekteverlof met halwe salaris of sonder salaris omgesit word nie.
- 3.2.11 Indien 'n opvoeder aan wie vakansieverlof toegestaan is, siek word terwyl hy of sy met sodanige vakansieverlof is, kan die betrokke deel van die vakansieverlof in siekteverlof omgesit word mits hy of sy siekteverlof tot sy of haar krediet het en indien hy of sy 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer of 'n geregistreerde tandarts indien. Aansoek om siekteverlof moet skriftelik gedoen word binne 30 dae na die verstryking van sodanige tydperk van vakansieverlof.
- 3.2.12 Vakansieverlof sonder salaris mag nie in siekteverlof omgesit word nie.
- 3.2.13 Ondanks die indiening van 'n mediese sertifikaat, kan die Departement op grond van verdere mediese advies weier om siekteverlof met besoldiging aan 'n opvoeder toe te staan ten opsigte van enige afwesigheid waarop die sertifikaat betrekking het. Sodanige afwesigheid word beskou as spesiale verlof vir dringende private sake.
- 3.2.14 Wanneer die Departement rede het om te vermoed dat die gesondheids-toestand van 'n opvoeder sodanig is dat dit hom of haar ongeskik maak om sy of haar pligte as opvoeder op bevredigende wyse uit te voer, kan die Departement daardie opvoeder op 'n bepaalde datum aansê om op Staatskoste ondersoek te word. Wanneer die Departement oortuig is dat die betrokke opvoeder weens swak gesondheid (met inbegrip van enige geestelike of liggaamlike gebrek) nie in staat is om sy of haar pligte as opvoeder op bevredigende wyse uit te voer nie, kan hy die opvoeder aansê om vir 'n bepaalde tydperk siekteverlof te neem.

- 3.2.15 Siekteverlof val 'n opvoeder toe op die eerste dag van 'n siklus en met ingang van daardie dag kan die volle voorsiening vir die betrokke verlofsiklus aan hom of haar toegestaan word. Ongebruikte siekteverlof vir 'n bepaalde siklus verval aan die einde van 'n siklus en kan nie na die volgende siklus oorgedra word nie.
- 3.2.16 Verlof vir 120 dae met volle besoldiging en 120 dae met halwe besoldiging kan aan 'n opvoeder weens sy of haar siekte toegestaan word vir elke siklus waarin sodanige opvoeder diens gedoen het, en aan sodanige opvoeder kan siekteverlof sonder besoldiging toegestaan word vir sodanige verdere tydperk as wat die Departement bepaal.
- 3.2.17 'n Opvoeder wat minstens 10 jaar ononderbroke diens voltooi het en al die siekteverlof met volle besoldiging wat aan hom of haar toegestaan kan word, opgebruik het, kan addisionele siekteverlof met volle besoldiging gelyk aan sy of haar basiese siekteverlof-voorsiening met volle besoldiging toegestaan word op die volgende voorwaardes:
- (i) Die addisionele siekteverlof met volle besoldiging kan toegestaan word vir die opvoeder se hele oorblywende dienstermyn, en nie per siklus nie.
 - (ii) Indien die opvoeder nie al die addisionele siekteverlof met volle besoldiging binne 'n siklus opgebruik nie, bly die balans daarvan tot die opvoeder se krediet vir gebruik in die volgende of daaropvolgende siklusse.
 - (iii) Die addisionele siekteverlof met volle besoldiging word aan die opvoeder toegestaan sodra siekteverlof met volle besoldiging wat in 'n siklus beskikbaar was, opgebruik is en voordat enige gewone siekteverlof met halwe besoldiging toegestaan word.

3.3 **Spesiale siekteverlof**

- 3.3.1 Aan 'n opvoeder wat van diens afwesig is weens 'n besering opgedoen in 'n ongeluk voortvloeiend uit, en in die loop van die uitvoering van sy of haar pligte as opvoeder of weens 'n siekte wat in die loop van en as gevolg van die uitvoering van sy of haar pligte as opvoeder opgedoen is, kan spesiale siekteverlof met volle salaris toegestaan word vir die tydperk wat hy of sy nie geskik is om sy of haar amptelike pligte uit te voer nie. Indien die geval binne die bestek van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbesering en Siektes, 1993 (Wet 130 van 1993), soos gewysig, val, kan spesiale siekteverlof met salaris gelykstaande aan die verskil tussen volle salaris en die vergoeding wat kragtens genoemde Wet aan hom of haar betaalbaar is, toegestaan word.
- 3.3.2 Spesiale siekteverlof word nie toegestaan as die besering of siekte toe te skryf is aan wangedrag, nalatigheid of versuim van die kant van die opvoeder om redelike voorsorg te tref nie.
- 3.3.3 Genoemde verlof raak nie gewone siekteverlof wat gedurende enige siklus toegestaan kan word nie.

4. SPESIALE VERLOF

4. SPESIALE VERLOF

4.1 Spesiale verlof vir studiedoeleindes

- 4.1.1 Spesiale verlof kan aan 'n opvoeder toegestaan word om sy of haar kwalifikasies te verbeter deur 'n studiekursus wat deur die Departement vir hierdie doel goedgekeur is op die basis dat
- (i) vir elke dag vakansieverlof met volle besoldiging wat 'n opvoeder vir studie gebruik, 'n addisionele dag spesiale verlof vir studiedoeleindes toegestaan word.
 - (ii) indien die opvoeder dit skriftelik versoek, 2 dae spesiale verlof met halwe besoldiging vir elke dag vakansieverlof met halwe besoldiging toegestaan word.
- 4.1.2 Indien spesiale verlof vir studiedoeleindes aan 'n opvoeder toegestaan word, kan die Departement periodiek vorderingsverslae oor die opvoeder se studie vereis en die betrokke opvoeder moet 'n ooreenkoms aangaan waarby onderneem word om die WKOD onmiddellik na verstryking van die tydperk van spesiale verlof vir studiedoeleindes te dien vir 'n tydperk gelykstaande aan minstens die tydperk waarvoor spesiale verlof vir studiedoeleindes met volle besoldiging aan hom of haar toegestaan is, of vir 'n dienstydsperk gelykstaande aan die helfte van die tydperk waarvoor spesiale verlof vir studiedoeleindes met halwe besoldiging toegestaan is.
- 4.1.3 Spesiale verlof vir studiedoeleindes word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.
- 4.1.4 Geliewe daarop te let dat die beleid neergelê saamgelees moet word met die bepalings van die omsendbrief wat betrekking het op studieverlof vir die betrokke jaar. Vir 1999 is Omsendbrief 105/98, gedateer 25 November 1998, van toepassing.

4.2 Spesiale verlof vir militêre opleiding

- 4.2.1 Spesiale verlof vir militêre opleiding kan met volle besoldiging aan 'n opvoeder toegestaan word wanneer sodanige opvoeder ingevolge die Verdedigingswet, 1957, of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, of ingevolge die Polisiewet, 1958, of enige regulasie daarkragtens uitgevaardig, aaneenlopende of ononderbroke of onderbroke opleiding moet ondergaan, of aldus diens moet verrig.
- 4.2.2 In die geval waar 'n opvoeder sy of haar aanvanklike ononderbroke verpligte nasionale diensplig verrig, word sy of haar besoldiging verminder met die bedrag wat van tyd tot tyd deur die departementshoof, met inagneming van afsonderlike opvoeders se omstandighede, bepaal word.
- 4.2.3 Spesiale verlof vir militêre opleiding kan enige tydperk insluit wat werklik en noodsaaklikerwys vir reisdoeleindes nodig is.

4.2.4 Aansoeke om voormelde verlof moet vergesel wees van stawende dokumentasie.

4.2.5 Hierdie tipe verlof word nie teen die opvoeder se verlof verreken nie.

4.3 Spesiale verlof vir eksamendoeleindes

4.3.1 Spesiale verlof met volle salaris kan aan 'n opvoeder toegestaan word vir elke dag waarop hy of sy 'n eksamen wat deur die Departement vir dié doel erken is aflê. Een addisionele dag spesiale verlof met volle salaris kan toegestaan word vir elke dag waarop sodanige eksamen werklik afgelê word, ten einde die opvoeder in staat te stel om vir die eksamen voor te berei;

4.3.2 Die Departement kan bo en behalwe die spesiale verlof vir eksamendoeleindes in paragraaf 4.3.1 bedoel, eenmalig aan 'n opvoeder wat 'n eksamen in finalejaarkvakke ter voltooiing van 'n eerste graad of diploma moet aflê, aaneenlopende spesiale verlof vir eksamendoeleindes vir 'n maksimum tydperk van 16 werksdae toestaan. (LW: Hierdie paragraaf is slegs van toepassing waar 'n opvoeder 'n eksamen in 'n finalejaarkvak aflê.)

4.3.3 Spesiale verlof vir eksamendoeleindes kan enige tydperk insluit wat werklik en noodsaaklikerwys vereis word om in verband met die eksamen te reis.

4.3.4 Spesiale verlof met volle salaris kan eenmalig toegestaan word aan 'n opvoeder wat 'n hereksamen moet aflê.

4.3.5 Spesiale verlof vir eksamendoeleindes word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

4.4 Spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes

4.4.1 Wanneer 'n opvoeder van diens afwesig is as gevolg van afsondering of isolasie kragtens geneeskundige instruksies, is die toestaan van spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes onderworpe aan die indiening van 'n sertifikaat van 'n geregistreerde geneesheer waarin die tydperk en oorsaak van afsondering of isolasie aangedui word.

4.4.2 Spesiale verlof vir kwarantyn-doeleindes word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

4.5 Spesiale verlof vir deelname aan sport- en kultuurgeleenthede

Met die goedkeuring van die Departement, kan spesiale verlof vir deelname aan sport- en kultuurgeleenthede met volle besoldiging, sonder dat die verlof teen 'n opvoeder se verlofkrediet verreken word, toegestaan word wanneer die opvoeder.

- 4.5.1 deur 'n amateursportliggaam of 'n kultuurliggaam deur die Departement vir hierdie doel erken, gekies word om
- (i) as deelnemer, afrigter of bestuurder aan 'n sport- of kultuurgeleentheid buite die grense van die Republiek mee te doen; of
 - (ii) die land, provinsie of streek by 'n internasionale, nasionale, provinsiale of streeksport- of streekkultuurgeleentheid binne die Republiek te verteenwoordig; of
 - (iii) 'n groep of 'n individu uit die buiteland wat die Republiek besoek, as verteenwoordiger van daardie sportliggaam of kultuurliggaam te vergesel; of
 - (iv) internasionale konferensies of vergaderings van internasionale sportliggame of kultuurliggame by te woon.
- 4.5.2 as skeidsregter, beampte, beoordelaar of kursusleier by 'n sport- of kultuurgeleentheid op internasionale vlak binne of buite die Republiek optree; of
- 4.5.3 as individu gekies of uitgenooi is om deel te neem, of op eie inisiatief deelneem, aan 'n sport- of kultuurgeleentheid op internasionale of nasionale vlak binne of buite die Republiek.

Aansoeke om voormelde verlof moet vergesel wees van stawende dokumentasie. Waar stawende dokumentasie ontbreek, sal verlof vir dringende privaat sake toegestaan word.

4.6 Spesiale verlof vir dringende privaat sake

- 4.6.1 Met die goedkeuring van die Departement kan aan 'n opvoeder spesiale verlof vir dringende privaat sake toegestaan word.
- 4.6.2 Spesiale verlof vir dringende privaat sake gaan gepaard met volle besoldiging indien die opvoeder oor die nodige vakansieverlofkrediet beskik, en word teen genoemde opvoeder se verlofkrediet verreken, of is sonder besoldiging indien die opvoeder nie meer oor enige vakansieverlofkrediet beskik nie.

4.7 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes

- 4.7.1 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes mag toegestaan word aan 'n vroulike opvoeder wat oor ten minste 12 maande ononderbroke bevredigende diens beskik. Hierdie diens sluit ook ononderbroke diens by ander staatsdepartemente en tydelike en permanente diens in.
- 4.7.2 'n Vroulike opvoeder mag spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes toegestaan word vir 'n periode wat 'n aanvang neem 30 dae voor die verwagte datum van bevalling tot 90 dae na die geboorte. Korter of langer tydperke kan goedgekeur word na gelang van die omstandighede. Waar 'n opvoeder 'n korter tydperk verlang, moet skriftelik daarom aansoek gedoen word en die WKOD moet gevrywaar word teen enige aanspreeklikheid.

- 4.7.3 Aansoeke om bevallingsverlof moet ten minste 90 dae voor die verwagte datum van bevalling ingedien word.
- 4.7.4 'n Maksimum van 84 dae spesiale verlof met volle besoldiging kan toegestaan word vir bevalling of die aanneming van 'n kind. Dokumentêre bewys moet voorgelê word.
- 4.7.5 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes word beperk tot 2 bevallings of aannemings per opvoeder.
- 4.7.6 'n Opvoeder wat vakansieverlof tot sy of haar krediet het, mag skriftelik aansoek doen dat sodanige vakansieverlof teen vol- of halvesalaris aangewend word vir 'n gedeelte van of vir al haar onbetaalde verlof vir bevallingsdoeleindes.
- 4.7.7 Die spesiale verlof kan voor of na die bevalling gebruik word, maar moet aaneenlopend met die bevalling wees.
- 4.7.8 Spesiale verlof vir bevalling mag nie omskep word in enige ander soort verlof sodra dit 'n aanvang geneem het nie.
- 4.7.9 Siekteverlof kan toegestaan word in die geval van afwesigheid weens 'n miskraam, 'n doodgeboorte of beëindiging van swangerskap op mediese advies, indien sodanige spesiale verlof nog nie 'n aanvang geneem het nie. (Verwys na paragraaf 5 van die handleiding). Sou dit na die aanvang van sodanige spesiale verlof gebeur, word hierdie tydperk nie in berekening gebring vir die beperkings soos bedoel in paragraaf 4.7.5 nie.
- 4.7.10 Indien 'n vroulike opvoeder nie kwalifiseer vir spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes nie, moet haar bevalling gedek word met haar beskikbare vakansieverlofkrediet en daarna met vakansieverlof sonder besoldiging.
- 4.7.11 Siekteverlof kan wel in die gemelde gevalle toegestaan word, indien 'n tydperk van vakansieverlof sonder salaris nie alreeds vir die doel toegestaan is nie.
- 4.7.12 Spesiale verlof vir bevallingsdoeleindes word nie teen 'n opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

4.8 Spesiale verlof ter wille van dienskontinuiteit

- 4.8.1 Aan 'n opvoeder wat voorheen by dieselfde of 'n ander werkgewer as opvoeder in 'n tydelike hoedanigheid indiens was, kan spesiale verlof sonder besoldiging vir 'n tydperk van hoogstens 120 dae toegestaan word met die doel om die kontinuiteit van sodanige opvoeder se diens te behou.

- 4.8.2 Dié spesiale verlof neem 'n aanvang op die eerste dag na die datum waarop die laaste besoldiging van die vorige werkgewer ontvang is en verstryk op die dag voor die datum van diensaanvaarding by die huidige werkgewer.

4.9 Spesiale verlof in buitengewone omstandighede

- 4.9.1 Behoudens die bepalings van artikel 10(1) en (2) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet no. 76 van 1998), word ongemagtigde afwesigheid van 'n opvoeder, ondanks enige dissiplinêre stappe wat teen hom of haar gedoen mag word, geag spesiale verlof in buitengewone omstandighede te wees. Sodanige verlof is sonder besoldiging, tensy die Departement in 'n spesifieke geval anders bepaal.
- 4.9.2 Indien die Departement van oordeel is dat omstandighede dit regverdig, kan spesiale verlof in buitengewone omstandighede toegestaan word vir enige doel en vir enige tydperk. Sodanige verlof is sonder besoldiging, tensy die Departement anders bepaal.
- 4.9.3 Spesiale verlof in buitengewone omstandighede word nie teen die opvoeder se verlofkrediet verreken nie.

5. ONGEMAGTIGDE AFWESIGHEID VAN DIENS

5. ONGEMAGTIGDE AFWESIGHEID VAN DIENS

- 5.1 Ongemagtigde afwesigheid van 'n opvoeder word geag vakansieverlof sonder salaris te wees.
- 5.2 'n Opvoeder wat langer as 14 dae sonder verlof van diens afwesig is of ander werk aanvaar het, word geag weens wangedrag ontslaan te wees met ingang van die dag wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop hy of sy diens verrig het. Die kantoorhoof moet sorg dra dat so 'n geval volledig en binne 10 dae na die verstryking van gemelde tydperk aan die Departement voorgelê word.
- 5.3 Die volgende prosedure moet gevolg word waar 'n opvoeder ongemagtig van diens afwesig is:
 - 5.3.1 Die *audi alteram partem* reël moet skriftelik deur die kantoorhoof toegepas word en die opvoeder moet die geleentheid gegun word om sy of haar kant van die saak op skrif te stel.
 - 5.3.2 Die opvoeder se redes vir sy of haar afwesigheid, tesame met die kantoorhoof se aanbeveling vir die toestaan van verlof sonder salaris, tesame met tersaaklike dokumente moet aan Hoofkantoor voorsien word.
 - 5.3.3 Die aangeleentheid word deur Hoofkantoor oorweeg en die opvoeder word skriftelik van die uitslag in kennis gestel.

6. VERLOFGRATIFIKASIES

6. VERLOFGRATIFIKASIES

6.1 'n Verlofgratifikasie is aan 'n opvoeder betaalbaar

6.1.1 wat met pensioen aftree;

6.1.2 wat weens voortdurende swak gesondheid ontslaan word;

6.1.3 wat weens die afskaffing van sy of haar pos ontslaan word;

6.1.4 wie se ontslag doeltreffendheid of besuiniging sal bevorder;

6.1.5 wat te sterwe kom, in welke geval die gratifikasie aan sy of haar naasbestaandes betaal word.

6.2 Indien hy of sy op 'n kontrakbasis aangestel is, word die verlofgratifikasie uitbetaal ooreenkomstig die bepalinge van die kontrak.

6.3 'n Verlofgratifikasie tot 'n maksimum van 184 dae is betaalbaar aan

6.3.1 'n opvoeder aangestel in 'n tydelike hoedanigheid kragtens artikel 7(2) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998, na voltooiing van minstens vyf jaar ononderbroke bevredigende diens, tensy spesiale verlof ter wille van dienskontinuiteit toegestaan kan word.

6.3.2 'n permanente opvoeder wat op sy of haar skriftelike versoek aftree, indien sodanige opvoeder die keuse het om voor bereiking van die verpligte aftree-ouderdom met pensioen af te tree en nie voor bereiking van sodanige ouderdom aftree nie.

6.4 Verlofkrediet wat oorbly nadat 'n verlofgratifikasie uitbetaal is, word deur die opvoeder behou.

6.5 Indien 'n opvoeder om die betaling van 'n verlofgratifikasie aansoek gedoen het en die betrokke gratifikasie aan hom of haar betaal is, word hy of sy nie toegelaat om sodanige gratifikasie terug te betaal en op 'n later tydstip weer daarom aansoek te doen nie.